

## 'N ONTLEDING VAN DIE TEOLOGIES-DOGMATIESE AGERGRONDE VAN DS. S. D. VENTER SE AFSKEIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN DIE O.V.S.

Nog geen twee dekades nadat die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. met die hulp van Ds. D. Postma in 1859 ontstaan het<sup>1)</sup>, moes dié Kerk 'n skeuring in sy geledere beleef. Hierdie afskeiding wat in November 1877 te Bethulie onder leiding van Ds. S. D. Venter plaasgevind het, word ook twee publikasies wat in die jongste tyd deur Gereformeerde kerkhistorici gepubliseer is, behandel<sup>2)</sup>. Hoewel beide skrywers die historiese gebeurtenisse wat hiermee in verband staan, belig, is dit tog opmerklik dat die teologies-dogmatiese agtergrond van hierdie skeuring min aandag geniet. Dit is in hierdie geval wel van belang omdat die beskikbare gegewens aantoon dat die Gereformeerde Kerk hier op 'n kruispunt gestaan het. Hier in 1877 is 'n bepaalde teologiese rigting in die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. beslis afgewys. Die botsende teologiese rigtings word enersyds deur Ds. D. Postma en die meerderheid van die Gereformeerde Kerk en andersyds deur Ds. S. D. Venter en sy kring verteenwoordig. Hoewel die botsing tussen Ds. Postma en Ds. S. D. Venter nie dwarsdeur 'n botsing van teologiese insig en rigting was nie, was die teologiese rigting wat beide verteenwoordig het, tot so uiteenlopend dat dit in alle waarskynlikheid vroeër of later tog 'n botsing tussen hierdie twee persone sou moes afgee<sup>3)</sup>.

'n Oormaat van materiaal om die teologiese verskil tussen Ds. Postma en Ds. S. D. Venter mee aan te dui, is daar seer sekerlik nie. Tog is daar wel genoeg gegewens aanwesig om 'n konklusie te regverdig<sup>4)</sup>.

Ten eerste moet nou getrag word om Ds. S. D. Venter, die teëspeler van Ds. Postma, se teologiese posisie te bepaal. Ds. Sarel Daniël Venter is in 1862 te Colesberg in die Kaapkolonie as seun van Jan Adriaan Venter en Margaretha Margarieta Louw gebore. Hy was dus 'n broer van die meer bekende Jacobus Johannes Venter, 'n Volksraadslid van die O.V.S.

1) Die woord „ontstaan” word hier gebruik omdat, veral in die O.V.S. diegene wat na die koms van Ds. Postma die Gereformeerde Kerk uitgemaak het, reeds voor die koms van Ds. Postma daarheen 'n min of meer afsydige, eiesoortige groep binne die Ned. Gereformeerde Kerk van die O.V.S. uitgemaak het.

Vgl. o.a. *Brief aan H. de Cock van Kerkraad en Gemeente OVS.*, 14 Jan. 1860: De komst van Postma is dus niet de oorzaak onzen afscheiding, maar slechts eene vervulling eener langbestaande behoefte.

Vgl. J. P. JOOSTE, *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, Potchefstroom 1959, bls. 61.

2) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 177 vg.

G. C. P. VAN DER VYVER, *Professor Dirk Postma 1818-1890*, Potchefstroom 1958, bls. 364 vg. Sien ook noot 247, bls. 364.

3) In *De Zuid-Afrikaan* van 7 April 1859 word reeds so vroeg ook al gesuggereer dat 'n botsing tussen Ds. Postma en die piëtistiese groep onder die Gereformeerdes sal moet plaasvind.

4) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 193, voetnoot 43 (aangegee op bls. 408), vermeld dat die notuleboek van die afgeskeie Ventergroep later deur Ds. Venter se skoonseun P. J. Snyman, verbrand is.

Ds. D. Postma se teologiese insigte kan wel nagegaan word en is ook behandel. Sien G. C. P. van der Vyver, *a.w.*, bls. 431 vg.

Republiek en twee maal selfs waarnemende president, wat grotendeels vir die voorbereiding van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. verantwoordelik was<sup>5)</sup>. Van Ds. S. D. Venter se vroeëre lewe, voordat hy predikant geword het, van sy vooropleiding en sy lewensloop is min bekend. Hy was in ieder geval 'n boer in die distrik Bethulie voordat hy hom na Ds. J. Beyer gewend het om deur hom tot predikant opgelei te word. Vanweë die tekort aan predikante het die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1863 besluit dat diegene wat hulle tot die Evangeliebediening geroepe voel, hulle opleiding by die diensdoende predikante van die Kerk kan ontvang<sup>6)</sup>. Toe Ds. S. D. Venter na 'n studietydperk wat hoogstens van Junie 1863 tot Mei 1866 kon geduur het, hom by die Sinode vir eksamen aangemeld het, was hy reeds 40 jaar oud. Omdat hy ouer as 30 jaar was, is hy kragtens 'n besluit van die Sinode van 1866, vrygestel van die eksamen in die klassieke tale en is hy op grond van artikel 8 van die Dordtse Kerkorde geëksamineer en tot die Evangeliebediening toegelaat<sup>7)</sup>. Sy toelating het egter nie die algemene goedkeuring van die Sinode weggedra nie<sup>8)</sup>.

Ds. S. D. Venter het sy opleiding tot die amp by Ds. J. Beyer ontvang en Ds. Beyer het 'n stempel op hom geplaas, en kon dit ook doen omdat Ds. Venter daarvoor ontvanklik was. Om hierdie stelling te illustreer moet 'n oomblik stilgestaan word by die figuur van J. J. Venter wat later ook met die afskeiding van 1877 saamgegaan het. Dat Ds. S. D. Venter en sy broer J. J. Venter, wat teologiese insigte betref, na aan mekaar gestaan het, is hoogswaarskynlik, nie alleen vanweë hulle nou bloedverwantskap nie, maar ook omdat hulle mekaar ten opsigte van kerklike sake steeds gesteun het.

J. J. Venter is te Colesberg gebore en het daar in die veertigerjare van die negentiende Eeu die hele stryd in verband met die invoering en die sing van die Evangeliese Gesange in die Ned. Gereformeerde Kerk belewe. Vanweë sy botsing hieroor met die plaaslike predikant Ds. Reid, het hy uit die Kaapkolonie weggetrek en hom op die plaas Broekpoort by Bethulie gaan vestig<sup>9)</sup>. Hier in die O.V.S. het hy hom kerklik ook nie tuisgevoel onder die prediking van Ds. Andrew Murray jnr., die Ned. Gereformeerde predikant te Bloemfontein nie.<sup>10)</sup> Daarom het hy hom

<sup>5)</sup> Vgl. o.a. S. P. ENGELBRECHT, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, Pretoria 1953, bls. 147-150.

J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 75 vg.

G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 194 en 268 vg.

<sup>6)</sup> Hier is 'n gebruik wat in die Afseskeie Kerk in Nederland in swang was, oorgeneem. Vgl. S. P. ENGELBRECHT, *Ds. Durk Postma voor sy koms in Suid-Afrika*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 5*, Pretoria 1949, bls. 162.

<sup>7)</sup> Art. 8 van die Dordtse Kerkorde lui as volg: Nulli Ludimagistri, opifices, alijque qui linguis, artibus en Theologiae operam in Scholis non dederunt, ad Ministerium verbi sunt promovendi, nisi de ipsorum singularibus donis, pietate, humilitate, modestia, excellenti ingenio, prudentia atque etiam eloquentia certum habeamus cognitionem.

<sup>8)</sup> J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 161.

<sup>9)</sup> B. R. KRÜGER, *Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, Pretoria 1957, bls. 78 vg. en 116 vg.

<sup>10)</sup> S. P. ENGELBRECHT, *Geskiedenis van die NHK*, bls. 147-149.

in 1858 losgemaak van die Ned. Gereformeerde gemeente en die volgende redes aangegee<sup>11)</sup>):

„—behalve het verschil omtrent de Evang. Gezangen, Eerst. dat Bedestonden in de Kerk werden toegelaten; ten tweede: Het gebruik van kruistafels bij de avondmaalbediening; ten derde: de nieuwe vorm van het Huwelijk; te vierde: de wijze waarop jonge Ledematen in het geloof werden bevestigd; ten vijfde: Het verklaren van het Evangelie in de Kerk alhier—  
Gevraagd zijne omtrent No. 5, verklaart hij, dat het Evangelie alhier in de Kerk niet overeenkomstig het bevel van Christus word verkondigd.”

J. J. Venter laat hom deur hierdie stuk wel ken as 'n konserwatiewe gees wat enige kerklike gebruik wat hy nie geken het nie, moeilik kon aanvaar. Hoewel Ds. Murray sommige van sy besware ontsenu het, het J. J. Venter egter by sy stelling, dat die Evangelieverkondiging nie suiwer was nie, bly staan<sup>12)</sup>. Daarom het hy ook vroeg in 1859, tesame met sy huisgesin en drie ander huisgesinne, die lidmaatskap van die Bloemfonteinse Ned. Gereformeerde gemeente „met alle kerken behoorende de Kaapsche Synode” finaal opgesê<sup>13)</sup>. Duideliker word hierdie stap as 'n brief van J. J. Venter wat hy op 10 Maart 1858 aan J. van Andel, 'n ouderling van die Afsgekeie Kerk in 's-Hertogenbosch, Nederland, geskrywe het, bestudeer word. Hierin sê hy<sup>14)</sup>):

„Wij zijn begeerig om een leer te mogen hooren volgens de vorm en werken des heyligen geest gelyk Smytegeld, C. Mel. Abraakel, van Leeuwarden en diergelyke geestelijke schrijvers. Om u kort te seggen, wij stellen dat het een christen in zijn uytwendige seeden niet geoorloof is hem te kleeden of te pronken sooals de vlees begeer, siet sevanja 1 vers 8 kant. Wat de inwendige aangaat stellen wij dat niemand god sien sal en sij dat hij niet wedergebooren wort en dat de mens volstrekt door genaade en geen reg moet salig worden en niet uyt goede werken: dog daavid seg gehoorsaamheyd is beter als offerhande en godsoffer is een gans verbrooken gees door schult besef getroffen en verslagen. Ook verwerpen wij de evangelische liederen en al de sekten ingevoert door de nieuw ligters, ook de vertaling van de bijbel.”

Uit hierdie skrywe kan wel afgelei word dat J. J. Venter, netsoos meeste van sy tydgenote, 'n besondere waardering vir die sewentiende en agtiende Eeuse piëtistiese skrywers gehad het<sup>15)</sup>. Maar meer as sy tydgenote het hy die teologiese gedagtes en insigte van hierdie skrywers geabsorbeer en

<sup>11)</sup> *Kerkraadsnotule*, Ned. Gereformeerde gemeente Bloemfontein, 8 Februarie 1858.

<sup>12)</sup> B. R. KRÜGER, *a.w.*, bls. 120–121.

<sup>13)</sup> B. R. KRÜGER, *a.w.*, bls. 121–122.

<sup>14)</sup> *Ned Hervormde Kerkargrief*, S. P. ENGELBRECHT-versameling XI/2. Die verwysing na „Bybelvertaling” kom ook ter sprake in *De Zuid-Afrikaan*, 7 April 1859.

<sup>15)</sup> M. POSTMA, *De Gedenkrede*, gepubliseer in *Gouden Jubileum van het Vijftig Jarig bestaan van de Geref. Gem. Burgersdorp 1860–1910*, Burgersdorp z.j., blz. 104.

tot sy eie gemaak. Dat hy inderdaad 'n sterk piëtistiese inslag gehad het, word verder beklemtoon deur sy opvatting dat hy dit as noodsaaklik beskou het dat 'n gelowige christen met die Duiwel persoonlik moes gestry en oorwin het<sup>16</sup>). Dit lê heeltemal in die lyn van die piëtistiese denke wat die Skrifwaarheid nie net wil verstaan en glo nie maar boweal self wil ervaar en ondervind<sup>27</sup>). Ook sy hoë waardering van die wedergeboorte dui reeds daarop dat hy die denke van die sewentiende en agtiende Eeuse piëtistiese skrywers tot sy eie gemaak het. Juis in sy waardering van die wedergeboorte is hy so tipies piëtisties want<sup>28</sup>)

„De innige christen komt niet verder. Hij gaat een cirkelgang rondom het centrale feit der wedergeboorte.”

En die feit van die wedergeboorte is op sy beurt weer deur die piëtiste baie nou aan die uitverkiesingsleer verbind. Vermoedelik moet J. J. Venter se afwysing van die prediking van Ds. Murray dan ook hierin gesoek word. Want Ds. Murray wat onder die invloed van die metodisme was, het in alle waarskynlikheid in sy preke te Bloemfontein nie die nadruk op die uitverkiesingsleer en die kenmerke van die wedergeboorte gelê wat J. J. Venter van sy piëtistiese skrywers gewoond was nie<sup>19</sup>).

J. J. Venter kan dus beskou word as 'n konserwatiewe gees wat met betrekking tot sy teologiese denke, wat tog ook weer nie té hoog aangeslaan moet word nie, piëtisties was. Terwyl die werke van die sewentiende en agtiende Eeuse piëtistiese skrywers destyds algemeen bekend was, is dit wel moeilik om vas te stel in hoeverre hy slegs die algemeen-heersende opvatting in sy kring verwoord het en in hoeverre hy aan dié opvatting rigting gegee het. Vanweë die leidende rol wat hy in die maatskappy gespeel het en ook vanweë sy uitgesprokenheid mag egter wél aangeneem word dat hy heelwat invloed moes uitgeoefen het. Hierdie invloed moes

<sup>16</sup>) J. M. ORPEN, *Reminiscences of Life in South-Africa*, Durban 1908, p. 347-348.

<sup>17</sup>) G. SEVENSTER, *Bevinding*, artikel in *Encyclopedie van het Christendom*, Amsterdam—Brussel 1955, Prot. Deel, blz. 216: In dit Ned. Piëtisme word—sterke nadruk gelegd op de uitverkiezing. De bevinding bepaalt de mens bij zich zelf en zijn eigen ervaringen en „gestalten”: hij moet zich zelf onderzoeken, of hij aan de „kenmerken” der wedergeboorte voldoet. Tot deze wedergeboorte kan mens zelf niets toedoen, zij ligt vast in Gods raadsbesluit. Deze bevindelijkheid leidt soms tot tijdelijkheid, niet zelden ook tot zwaarmoedigheid en wanhoop of ook onverschilligheid.

<sup>18</sup>) M. J. A. DE VRIJER, *Schortinghuis en Zijn Analogieën*, Amsterdam 1942, blz. 103.

<sup>19</sup>) Vgl. A. D. PONT, *Enkele Aantekeninge by die Debat oor die Uitleg van die Dordtse Leerreëls wat in 1871 deur Ds. J. J. Kotze van Darling en Ds. Andrew Murray jnr. gevoer is*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 15, Pretoria 1959, bls. 29-38. Dat die engelse metodisme van die negentiende Eeu wesensvreemd aan die Nederlandse piëtisme met sy calvinistiese oorsprong is, waar by lg. juis die uitverkiezing so sterk benadruk word, blyk wel uit 'n tipering van Wesley se gedagtes. Sien J. van den Berg, *Het Christelijk leven naar de Opvatting van John Wesley*, Kampen 1959, bls. 14: Maar het diepste sproot zijn (Wesley) verzet tegen het Calvinisme voort uit zijn streven naar de heiliging des levens, een streven dat hij door het Calvinisme bedreigd achtte; na 1744, het jaar waarin men op de predikersconferentie tot de conclusie kwam dat men nog te veel tegen het Calvinisme aan had geleund, krijgt de gedachte dat men moet werken om het leven te verkrijgen een steeds sterker accent, al blijft merkwaardig antinomie—Wesley tegelykertyd onverzwakt vasthouden aan de leer van de rechtvaardiging door het geloof. Hij toont zich hierin duidelijk Arminiaan, al had zijn Arminianisme een wijziging ondergaan die het de naam „Evangelical Arminianism” bezorgd heeft.

seker ook sy broer, Ds. S. D. Venter wat straks predikant in die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. sou word, geraak het.

Dat J. J. Venter inderdaad die leidinggewende figuur in so 'n piëtistiese groep in die O.V.S. was, is dus wel aanneemlik. Hoedanig die groep presies was, is nie meer met sekerheid te bepaal nie. Interessant is egter die berig oor en beskrywing van so 'n piëtisties georiënteerde groep onder die Gereformeerdes in die Oorvaalse gebied wat uit die jaar 1859 dateer. Hoewel die skrywer van hierdie koerantberig kennelik nie sonder vooroordeel teen hierdie groep staan nie en daarin ook geen verwysing na dieselfde soort mense in die O.V.S. is nie, is die berig tog sodanig dat bepaalde punte van ooreenkoms dadelik opval. Die beskrywing is as volg<sup>20)</sup>:

„Hier (Rustenburg) was de heer Postma in het midden der zijnen—Hunne gevoelens en denkwijzen aangaande den Bijbel en in het stuk der godsdienst zijn zeer verward, dikwijls tot in het belachelijkste toe. Sommigen onder anderen denken, dat de ouwe Statenbijbel, net zoo als hij daar is, door de Profeten en Apostelen zijn gemaakt, met kanteekeningen, voorreden enz.; van daar dat zij het als eene gruwelijke zonde beschouwen om in plaats van „wif”, vrouw te lezen enz. Dat zij dus al de Bijbels, die met den Statenbijbel niet letterlijk in alles overeenkomen, als vals beschouwen, ligt in den aard der zaak.

En nu hunne begrippen omtrent de godsdienst zelve. Moeyelijk is het om u daarvan een juist denkbeeld te geven. De meesten hebben niets anders dan een soort van gevoels- of bevindelijke godsdienst, niet gegrond op Gods Woord, want van de 10 verstaan 9 er niets van, maar gegrond op allerlei soort van akelige droomen, lichtjes zien en dergelijke dweperijen meer. Bij sommigen is dit geheel en al inbeelding, bij anderen niets anders dan huigelarij, ofschoon het daarom toch wel mogelijk is, dat er enkelen zijn, die in opregtheid des harten, zich verbeelden, dat de Heer zich bijzonder aan het openbaart—Weer anderen noemen het fariseeuwsche werken, als iemand, die geen geordend leeraar is, in de huisgezinnen voorbidt en godsdienst houdt. Sommigen zijn er die zich als wedergeborenen beschouwende, geen zonde meer kunnen doen, omreden die zonde voor hun geboorte hun vergeven is, en dan beroept men zich op Joh. 3:9—Met een woord, de domste, de verwardste, de bespottelykste begrippen aangaande bybel en godsdienst, vindt men onder dat slag van menschen; waarbij komt dat de meesten hunner naauwlijks lezen of schrijven kunnen—door neederige kleredracht, ja, onderscheiden zich de meesten.

<sup>20)</sup> De Zuid-Afrikaan, 7 April 1859.

Wie was  
redakteur of  
uitgever?

Ds. S. D. Venter het, soos reeds gestel, sy opleiding tot predikant van Ds. J. Beyer ontvang. Laasgenoemde wat predikant van die Afsgekeie Kerk in Nederland te Leeuwarden was, is deur die toedoen van Ds. Postma na Suid-Afrika beroep en in 1862 te Reddersburg in die O.V.S. bevestig<sup>21</sup>). Hoewel Ds. Beyer op sy beurt sy opleiding van Ds. Postma in Nederland ontvang het,<sup>22</sup>), en hy aanvanklik hier in Suid-Afrika hartlik met Ds. Postma saamgewerk het, was hulle geen geesgenote nie<sup>23</sup>).

Ds. Beyer was in sy teologiese denke sterk deur die piëtisme beïnvloed. Soos meerdere predikante van die Afsgekeie Kerk in Nederland, het hy die sewentiende en agtiende Eeuse piëtistiese skrywers as die suiwere oorleweraars van die reformatoriese waarheid beskou<sup>24</sup>). Opvallend is dit egter dat hy nêrens in sy nagelate geskryfte daarvan blyk gee dat hy die geskryfte van die sestiende Eeuse Hervormers geken of gelees het nie. Dikwels is wat hy as reformatories beskou nie meer die oorspronklik reformatoriese nie maar die weerklank daarvan in die sewentiende en agtiende Eeuse Nadere Reformasie<sup>25</sup>). Ds. Beyer soek dan ook, teologies gesproke, sy steun by „vader” Lodenstein, Groenewegen en Sluyter<sup>26</sup>). Hy was hier in Suid-Afrika miskien ook die duidelikste verteenwoordiger van die herleefde sewentiende Eeuse piëtisme.

Want dit gaan by Ds. Beyer ook om die deurleefde, self-ervare geloofslewe waar soveel nadruk op die innerlik-subjektiewe ervaring teenoor die objektiewe, „historiese” geloof gelê word. Naas die nadruk op die beloftes, die bewaring en die leiding van God, gaan dit by Ds. Beyer ook om die voortdurende selfondersoek, om die algehele geringskatting van die mens om sodoende op byna sentimentele wyse die nadruk op die liefde van God te laat val. Ds. Beyer se gedagtes toon dan ook ’n ooreenkoms met dié van Lodenstein<sup>27</sup>). Opmerklik is ook die gebruik van die piëtistiese „tale Kanaäns” deur Ds. Beyer—’n gebruik wat netsoos die inhoud van sy geskryfte, sy teologiese gedagtes en geestesinhoud duidelik in beeld bring<sup>28</sup>).

Ongetwyfeld het Ds. Beyer wat besondere vreugde uit die opleiding van predikante geput het,<sup>29</sup>), hierdie insigte aan Ds. S. D. Venter oorgedra.

<sup>21</sup>) J. BEYER, *Journal gehouden van Port Elizabeth naar Reddersburg* Kaapstad 1862, blz. 18–19.

<sup>22</sup>) S. P. ENGELBRECHT, *Ds. Durk Postma*, bls. 162–163.

J. BEYER, *Journal gehouden van Reddersburg naar en door eenige deelen van den OVS.*, Groningen 1863, blz. 14.

J. BEYER, *Klaagtoon eens Verdrukten*, Groningen 1874, blz. 25.

<sup>23</sup>) J. DU PLESSIS, *De Gereformeerde Kerk in Wording en Werking*, Paarl 1925, blz. 97.

J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 149 stel dit anders: Hy het met sy hele hart na Suid-Afrika gekom en het van die staanspoor af sy volle steun gegee aan die rigting waarin Ds. Postma die broeders gelei het,—

<sup>24</sup>) J. BEYER, *Klaagtoon*, blz. 5.

<sup>25</sup>) M. J. A. DE VRIJER, *a.w.*, blz. 222.

<sup>26</sup>) J. BEYER, *Journal gehouden van Reddersburg*, blz. 18.

J. BEYER, *Klaagtoon*, blz. 7.

<sup>27</sup>) A. D. PONT, *Enkele trekke uit die Vroomheid van Jodocus van Lodenstein*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 11, Pretoria 1955, bls. 18 vg.

<sup>28</sup>) I.s. die „tale Kanaäns” vgl. M. J. A. DE VRIJER, *a.w.*, blz. 107.

<sup>29</sup>) J. BEYER, *a.w.*, blz. 25.

In Ds. Venter het hy dan ook 'n persoon gevind wat van die begin af, hierdie insigte met hom kon deel. Daarom moet dit ook nie as toevallig beskou word nie dat Ds. Venter hom juis by Ds. Beyers en nie by Ds. Postma vir sy opleiding gevoeg het.

Oor Ds. S. D. Venter self en sy teologiese gedagtes bestaan daar geen eersterangse bronne nie. Tog kan belangrike gegewens oor sy insigte ingewin word uit 'n merkwaardige en uiters seldsame brosjure wat deur 'n sekere Ds. Joh. van der Broek na aanleiding van sy besoek aan Ds. Venter en sy gemeentes in 1882, uitgegee is<sup>30</sup>).

Ds. van den Broek was 'n tipiese „blikken dominee” van 'n vrye gereformeerde gemeente te Gouda in Nederland<sup>31</sup>). Deur middel van korrespondensie het Ds. S. D. Venter, nadat hy reeds buite die kerkverband van die Gereformeerde Kerk gestaan het, in aanraking met Ds. van den Broek gekom en hom na Suid-Afrika laat kom. Ds. van den Broek wat deur en deur piëtisties was en wat selfs in die rigting van die sektarisme beweeg het, het in Ds. S. D. Venter 'n volkome gelyke gees gevind<sup>32</sup>). Hoewel Ds. van den Broek nie objektief staan teenoor die groep van Ds. S. D. Venter nie en selfs sterk bevooroordeel teen Ds. Postma en die Gereformeerde Kerk was<sup>33</sup>), is sy tipering van Ds. S. D. Venter se teologiese gedagtes waarskynlik naby aan die waarheid.

As Ds. van den Broek in Bethulie onder die mense van Ds. S. D. Venter, aankom gee hy die volgende indruk<sup>34</sup>):

„. . . het was mij daar of ik mij onder mijn eigen volkje te Gouda . . . bevond; dezelfde taal, dezelfde bevinding, dezelfde harte-toestanden, dezelfde ontmoetingen uit- en inwendig, dezelfde leidingen Gods.”

Van Ds. S. D. Venter se prediking gee hy die volgende tipering<sup>35</sup>):

„. . . niet de klank der letter alleen, ook niet het water en melk geloof, maar het zuivere bevindelijke leven Gods werd behandeld met afsnyding van mensch en vleesch, en God alleen aan zijne eere kwam, . . .”

Interessant is verder, gesien die opvattinge van J. J. Venter oor die klere-drag soos hy dit in 1858 aan Van Andel skrywe, Ds. van den Broek se beskrywing van Ds. Venter se eggenote<sup>36</sup>):

„Zijne vrouw ontmoetende, ontmoette ik een heel nederig, eenvoudig gekleed mensch, een gladde zwartejas en een zonder linten opgetooid zwart mutsje op . . . Spoedig maakte ik geestelijk kennis met haar en zoo eenvoudig als zij er van buiten uitzag was zij van binnen voor haarzelve, en lief bedeed met

<sup>30</sup>) JON. VAN DER BROEK, *Mijn bezoek in Afrika*, Brielle 1882.

<sup>31</sup>) S. P. ENGELBRECHT, *a.w.*, bls. 156, noot 20.

<sup>32</sup>) J. VAN DER BROEK, *a.w.*, blz. 72.

<sup>33</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 52 en 61.

<sup>34</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 35.

<sup>35</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 39.

<sup>36</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 35.

<sup>37</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 38.

zuivere genade, ik heb menig oogenblikke met haar over de dingen Gods, die in de ziel gekend worden, gesproken.”

Uit hierdie voorafgaande word dit duidelik dat Ds. S. D. Venter, wat sy teologiese gedagtes betref, as 'n piëtis beskou moet word. Dat hy aan eensydigheid, juis vanweë sy piëtisme gely het, val nie te betwyfel nie en dit het juis die botsing met Ds. Postma onvermydelik gemaak want Ds. Postma was binne die Gereformeerde Kerk, die teenstander van hierdie piëtistiese rigting.

Vir enkele oomblikke moet ons nou aan Ds. Postma se teologiese gedagtes aandag gee. Ds. Dirk Postma wat in 1818 te Dokkum in Friesland gebore is, het in Nederland met die Afsgekeie Kerk, wat aldaar in 1834 onder die leiding van Ds. H. de Cock ontstaan het, saamgegaan. Postma wat begerig was om predikant te word, het sy ideaal nie sonder moeite bereik nie. Omdat 'n wetenskaplike opleiding tot die leeraarsamp aan 'n Kweekskool of Universiteit binne die Afsgekeie Kerk, destyds nog nie moontlik was nie, is Postma se opleiding aan Ds. T. J. de Haan toevertrou<sup>37)</sup>. Nadat hy ongeveer 'n jaar onder Ds. de Haan se toesig gewerk het, is Postma in 1840 tot die Evangeliebediening in die Afsgekeie Kerk toegelaat en het hy predikant te Minnertsga geword<sup>38)</sup>.

Hoewel die Afsgekeie Kerk in Nederland tot in 'n mate sy stimulans uit die piëtistiese konventiekels en geselskappe ontvang het, was Ds. T. J. de Haan, Postma se leermeester, geen geesgenoot van die piëtisme nie en by Postma word die tipies-piëtistiese gemoedsvroomheid ook nie in 'n sterk mate gevind nie. Inteendeel, in die gemeente Bedum wat deur Ds. Postma bedien is, het 'n diaken R. van de Riet die volgende beswaar teen Ds. Postma se ampsbediening vaan die Kerkraad voorgelê<sup>39)</sup>.

„Ik ben nergens in de grond mede verenigt, noch in 't aansluiten, noch in 't dopen, noch in 't Avondmaal houden, het gaat alles ja veel te los en te ligt, veel te vleeslijk toe. 't Is allemaal uitwendig, letterlijk en geesteloos. Als ook het Prediken van Domini, er worden geen werkzaamheden, geen onderscheiden standen, van licht noch duisternis en geen oorzaak van magerheid, of geesteloosheid opgehaald noch aangetoont, met een woord er word niet naar 't hart van Jeruzalem gesproken, opdat elk zijn bescheiden deel krijsje, de geveinsde worden niet ontdekt, de mond Kristen niet ontbloot, de zwakken niet opgebeurd, in woorden worden deze dingen nog wel aangestipt, maar de kern word niet uit de waarheid gehaald.”

Hierdie skrywe van diaken Van de Riet is 'n byna tipiese beswaar wat telkemale van die kant van die piëtisties-georiënteerde teen die gewone,

<sup>37)</sup> G. P. ENGELBRECHT, *a.w.*, bls. 150.

<sup>38)</sup> S. P. ENGELBRECHT, *a.w.*, bls. 151-154.

G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 37-49.

<sup>39)</sup> Gesiteer deur S. P. ENGELBRECHT, *a.w.*, bls. 160. Vgl. ook hier A.A. VAN RULER, *Licht- en Schaduwsijden in de Bevindelijkheid*, artikel in *Kerk en Teologie, Jaargang 5*, Wageningen 1954, blz. 133.



reformatoriese prediking gemaak is<sup>40</sup>). Dat juis sò teen Ds. Postma se ampswerk beswaar gemaak word, kan wel as 'n bewys aanvaar word dat Ds. Postma nié tot die kring van die piëtiste gereken kan word nie. Dat Ds. Postma ook besef het dat hy vreemd teenoor hierdie geesteshouding gestaan het, blyk uit sy voorstel aan die Kerkraad te Bedum<sup>41</sup>):

„. . . om van deze Gemeente met toestemming van Kerkraad en Classis ontslagen te worden, omdat hem de ligging der gemeente en vooral de toestand bezwaarlijk is, langer te bedienen.”

Hoewel dit nie gebeur het nie, is dit net moontlik dat Ds. Postma hier te Bedum sy waardering vir die piëtisme verloor het.

Oor die positiewe aspekte van Ds. Postma se teologiese gedagtes hoef hier nie verder uitgewy te word nie, enersyds om dat dit reeds gedoen is, andersyds omdat dit hier alleen van belang is om vas te stel dat Ds. Postma self geen aanhanger van die piëtisme was nie<sup>42</sup>).

Hier in Suid-Afrika aangekom het Ds. Postma ook in O.V.S. weer met die piëtisme in kerklike kring kennis gemaak en hy het selfs die koms van Ds. J. Beyer moontlik gemaak.<sup>43</sup>) Tog het die verskil tussen Ds. Postma en die piëtistiese groep in die Kerk tot 'n reeks botsings gelei wat die gevolg gehad het dat Ds. Beyer, Ds. S. D. Venter en J. J. Venter en laasgenoemde twee met hulle aanhang, in 1877 almal buite die Gereformeerde Kerk te staan gekom het. Dat Ds. Postma in hierdie botsings nie alleen gestaan het nie maar die meerderheid van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. aan sy kant gehad het, spreek vanself as bedink word hoe groot Ds. Postma se teologiese en ander invloed in die Kerk was<sup>44</sup>).

Aangesien die historiese feite in verband met hierdie botsings reeds uitgewerk en gepubliseer is, sal hier alleen getrag word om die krisis wat die Gereformeerde Kerk in hierdie tyd geskok het<sup>45</sup>) te ondersoek in die lig van die tese dat dit ook 'n botsing van teologiese rigtings was.

Betreklik kort na Ds. Beyer se aankoms in Suid-Afrika het die Sinode van die Gereformeerde Kerk byeengekom. Hier het Ds. Beyer die Kerkorde wat deur Ds. Postma opgestel is en wat sinds 1859 in die Kerk gebruik is, deur die Kerkorde van Dordrecht van 1619 laat vervang. Hoewel Ds. Postma se Kerkorde slegs 'n wysiging en aanpassing van die

<sup>40</sup>) Vgl. M. J. A. DE VRIJER, *a.w.*, blz. 12.

Jod. VAN LODENSTEIN, *Beschouwinge van Zion*, Amsterdam 1729, blz. 228, 242 vg. S. VAN DER LINDE, *De Betekenis van de Nadere Reformatie*, artikel in *Kerk en Teologie*, Jaargang 5, Wageningen 1954, blz. 224 vg.

<sup>41</sup>) Gesitêr by G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 64.

<sup>42</sup>) G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 440-441 beredeneer Postma se verhouding tot die piëtisme. Op bls. 481 stel hy dat Postma hom in hoofsaak laat lei deur *De Kern* van Aegidius Francken, Calvin se *Institutio* en W. à Brakel se *Redelijke Godsdiens*. Tog wil dit my voorkom asof dit nie korrek is om te sê dat Postma in eerste instansie steeds na Aeg. Francken teruggegryp het nie. Van meer belang is die vermelding op bls. 451 dat Ds. Postma in Suid-Afrika op „Dordtsch Gereformeerde wijze” gepreek het, wat sou kan beteken dat die piëtisme by Ds. Postma geen bepalende rol gespeel het nie.

<sup>43</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 108.

<sup>44</sup>) G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 480: Hy (Postma) was, na die mens gesproke, in die volle sin van die woord, die „geestelike vader” van die Gereformeerde Kerk.

<sup>45</sup>) G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 354.

Dordtse Kerkorde was<sup>46)</sup>, het Ds. Beyer, soos nogal meermale onder die Afsgekeies en hulle geesgenote voorgekom het, dit as absoluut noodsaaklik beskou dat die letterlike Kerkorde van Dordrecht in die Kerk moes geld<sup>47)</sup>. Vir Ds. Beyer het die Kerkorde van Dordrecht byna kanonieke gesag gehad en daarom het hy die invoering daarvan so sterk voorgestaan. Ds. Postma wat nie so konserwatief aan die letter gebind was nie, het aanvanklik wel besef dat die sewentiende Eeuse Dordtse Kerkorde nie sonder wysigings in Suid-Afrika gebruik kon word nie, het daarom 'n gewysigde Kerkorde ingevoer. Na die aanvaarding van die Dordtse Kerkorde het Ds. Postma hom egter daarby neergelê. Ds. Beyer self skryf die verwydering wat tussen hom en Ds. Postma gekom het, aan hierdie gebeurtenis toe<sup>48)</sup>.

Waar die verwydering miskien hier sy oorsprong gehad het, is dit waarskynlik vererger deur die feit dat van die verskillende persone wat deur Ds. Beyer tot die leraarsamp opgelei is, slegs een nl. Ds. S. D. Venter, onmiddelik tot die Evangeliebediening toegelaat is. En selfs Ds. Venter is nie sonder teenstem tot die Heilige Diens toegelaat nie. In 1866 is twee kandidate van Ds. Beyer deur die Sinode afgewys, en in 1868 het dit weer gebeur<sup>49)</sup> terwyl die kandidate wat deur Ds. Postma opgelei is, wel geslaag het. Dit wil inderdaad voorkom asof Ds. Beyer se studente juis vanweë die piëtistiese insigte wat hulle van hom gekry het, afgewys is. Want nadat Ds. Beyer se onsuksesvolle kandidate deur Ds. Postma onderhande geneem is, is hulle wel tot die Evangeliebediening toegelaat. Natuurlik moet die moontlikheid oopgehou word dat Ds. Beyer se studente aanvanklik nie aan die vereiste standarde kon voldoen nie. Dit is egter enigermate te betwyfel of die vereiste standarde so hoog sou kon gewees het. Ter illustrasie kan net genoem word dat Ds. Postma as handboek vir die studie van die Dogmatiek 'n werkie, *Mijne Handleiding voor de Godgeleerdheid*, uitgegee het. Hierdie boekie was 'n vereenvoudigde weergawe van Aegidius Francken se *Kern der Christelike Leere* waaruit Ds. Postma bowendien nog die piëtistiese uitsprake van Francken verwyder het<sup>50)</sup>. As in aanmerking geneem word dat Ds. Postma se *Handleiding* eers vanaf 1875 beskikbaar is, kan wel gekonkludeer word dat die vereiste standarde ook voor daardie tyd nie te hoog kon gewees het nie. Om-

<sup>46)</sup> J. DU PLESSIS, *a.w.*, bls. 146 probeer die indruk skep dat die Kerkorde wat Ds. Postma vir die Gereformeerde Kerk opgestel het in stryd met die Dordtse Kerkorde was. Dit is nie in ooreenstemming met die feite nie.

Vgl. J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 84 *vg.*

<sup>47)</sup> J. BEYER, *a.w.*, blz. 5.

<sup>48)</sup> J. BEYER, *a.w.*, blz. 26.

<sup>49)</sup> J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 150.

Vgl. ook J. BEYER, *a.w.*, blz. 18.

<sup>50)</sup> D. POSTMA, *Mijne Handleiding voor de Godgeleerdheid*, Kaapstad 1875. Aeg. Francken, *De Kern der Christelike Leere*, Dordrecht 1713. Hierdie werkie is in 1862 in 'n heruitgawe deur Ds. T. J. de Haan, Ds. Postma se leermeester, besorg. Francken se boekie was bedoel as 'n kategesasieboek en Ds. de Haan beveel dit ook assodanig aan en as 'n vervanging van A. HELLENBROEK, *Voorbeeld der Goddelijke Waarheden voor Eenvoudigen die zich bereiden tot de belijdenisse des geloofs*, Rotterdam 1716. Hellenbroek se deur en deur piëtistiese vraeboek is ook in Suid-Afrika gebruik en gelees.

standighede het buitendien 'n deeglike en wetenskaplike opleiding nog ontmoontlik gemaak. Interessant is dit wel om vas te stel dat Ds. S. D. Venter tot die Evangeliebediening toegelaat is in die hoop en met die vermaning van Ds. Postma dat hy hom in die nodige kundighede moes bly oefen<sup>51</sup>). Tog lyk dit in die lig van wat daarna gebeur het, meer waarskynlik dat Ds. Beyer se studente se piëtistiese sienswyses en oortuigings die rede vir hulle teleurstellings was.

Die verwydering tussen Ds. Postma en Ds. Beyer het 'n openlike breuk geword as Ds. Postma in 1869 Ds. Beyer se terugkeer na Suid-Afrika ontmoontlik maak. Vroeg in 1869 het Ds. Beyer verlof van sy gemeente ontvang om vanweë sy vrou se siekte na Nederland te gaan. Terwyl hy daar is en nog aan sy gemeente te Reddersburg verbonde is neem hy 'n beroep na Ablasterdam aan en word daar bevestig. As dit daar nie goed gaan nie, probeer Ds. Beyer om weer na Reddersburg terug te keer. Ds. S. D. Venter wat dan konsulent te Reddersburg is, laat Ds. Beyer dan ook, nieteenstaande die kerkregtelik-onmoontlike daarvan, weer na Reddersburg beroep<sup>52</sup>). As van hierdie aangeleentheid aan Ds. Postma as Algemene Korrespondent van die Sinode, kennis gegee word, neem hy die geleentheid waar om Ds. Beyer se terugkeer na Suid-Afrika te belemmer. Deur middel van briewe aan sowel Ds. Beyer as Ds. H. de Cock van Kampen, oefen Ds. Postma genoeg druk op Ds. Beyer uit dat hy die beroep na Reddersburg nie aanneem nie<sup>53</sup>).

Die feit dat Ds. Postma hier op 'n eiegeregtigde manier optree<sup>54</sup>) en hy dit verdedig dat hy tot heil van die Kerk opgetree het, kan egter nie wegneem dat Ds. Postma, toe hy die geleentheid gehad het, nie geaarsel het om die leidinggewende figuur van die piëtistiese rigting in die Gereformeerde Kerk te neutraliseer nie. Tog was dit nog nie Ds. Postma se finale oorwinning nie.

Ds. Postma se hardhandige optrede teen Ds. Beyer moes vanselfsprekend vir Ds. S. D. Venter 'n skok gewees het en het 'n mate van verwydering tussen Ds. Venter en Ds. Postma as gevolg gehad. Tog sou Ds. Postma en Ds. Venter op 'n heeltetal ander vlak bots. Die oorsaak vir dié botsing tussen Ds. Postma en Ds. Venter was die hele kwessie van die sending onder die heidene.

Ds. Postma het vanaf sy aankoms in Suid-Afrika hom voortdurend vir die sending beywer met die gevolg dat die Gereformeerde Kerk al meer en meer aandag hieraan begin gee het<sup>55</sup>). Ook is reeds vroeg in

<sup>51</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 161.

<sup>52</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 151-160.

<sup>53</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 154-160.

G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 356-357.

<sup>54</sup>) G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 356 noem Ds. Postma se optrede 'n growwe kerkregtelike flater.

Vgl. ook J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 163-164.

<sup>55</sup>) Vgl. G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 394 vg.

die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk 'n verantwoorde en duidelik-omlynde sendingbeleid neergelê en is daarmee voortgegaan<sup>56</sup>).

Teen hierdie beklemtoning van die sending deur Ds. Postma het daar egter baie sterk besware van die kant van die piëtistiese groep onder leiding van Ds. S. D. Venter en J. J. Venter gekom. Dit is enersyds merkwaardig as juis bedink word dat die sewentiende en agtiende Eeuse piëtistiese beweging in Europa die oorsprong van 'n sterk sendingaksie was<sup>57</sup>). Ds. S. D. Venter asook J. J. Venter se verset teen die sending kom voort uit hulle merkwaardige interpretasie van die leer van die uitverkiesing. In hulle geval is daar feitlik slegs sprake van 'n uitverkiesingsidee wat alleen nog maar na die klank 'n ooreenkoms met die Leerreëls van Dordrecht vertoon<sup>58</sup>).

Uitgaande van die basiese piëtistiese stelling dat die uitverkore en wedergebore mens ook duidelike uiterlike tekens van die wedergeborte moet toon en ook innerlik die geloof intensief moet ondervind en beleef, het Ds. S. D. Venter na die heidene aan wie die Evangelie reeds verkondig is, gekyk en tot die gevolgtrekking gekom dat daar géén gelowiges in sy sin van die woord te vind is nie. As verder nou in gedagte gehou word dat verskillende piëtistiese skrywers die Christendom en die Evangelieverkondiging besonder eksklusief gesien het<sup>59</sup>), word Ds. S. D. Venter se standpunt meer begryplik. Daarom het Ds. Venter en sy broer J. J. Venter reglynig gekonkludeer dat hierdie mense nie deur God as 'n deel van sy Kerk uitverkies is nie<sup>60</sup>). Die vloek van Gam het volgens J. J. Venter op hierdie heidene gerus<sup>61</sup>) en daarom is sending onder hulle nuttelos ja, dit is selfs gevaarlik om die Evangelie aan die heidene te

<sup>56</sup>) *Brief aan H. de Cock van Kerkraad en Gemeente OVS.*, 14 Jan. 1860. Dit is seker die vroegste verantwoorde op skrif-stelling van die tradisionele beleid wat deur die Voortrekkers in hulle Republiek beoefen is. Dit is des te merkwaardiger as daarteenoor die houding van die Kaapse Kerk in 1857 nog nagegaan word. Vgl. daarvoor: *Handelingen der negende Vergadering van de Synode der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, Kaapstad 1858, bls. 60. In die Brief aan H. de Cock word die volgende gestel: Omtrent de „bekeerde kleurlinge”, wij belijden „een, heilige, algemene, Christelijke Kerk en de gemeenschap der heiligen” en dus de ware geloovige kleurlingen houden wij voor een gedeelte daarvan zoo wel als elke andere bekeerde natie volgens Ps. 37; Markus 16:15 en 16; Handelingen 10:15 en 11:17 en vele dergelijke plaatsen der H. Schrift. Maar totnooe zien wij niet uit het Woord des Heeren dat wij hen daarom in dezelfde maatschappelijke rechten moeten laten delen, I Kor. 7:20 en 21, zie ook de brief aan Philemon. En dit zoude met het oog op de natien, die ons hier omsingelen, voor de blanke eene staatkunde zijn tot hun eigen ondergang en tot verderf dier natien zelve, naar menschelijke beschouwing. Even zoo achten wij het voor hen en ons beiden een volstrekte behoefte, althans naar onzen tegenwoordigen toestand en inzicht, dat zij hunne godsdienst afsonderlijk houden, en ook op eene bezonderlijke wijze in hunne geestelijke behoeften worden verzorgd en bestuurd. Dat dit echter door de Kerk zelve geschiedde is ons innig verlangen, en niet door genootschappen, door zoogenaamde zendelingen.

<sup>57</sup>) S. VAN DER LINDE, *a.w.*, blz. 223.

<sup>58</sup>) Tot in 'n hoë mate is dit natuurlik 'n kenmerk van die latere en sektariese piëtisme dat 'n uitverkiesingsidee daar die hele teologiese denke skeefgetrek het.

<sup>59</sup>) Bv. Aeg. Francken, *a.w.*, blz. 237.

<sup>60</sup>) J. J. VENTER, *Wat is Waarheid? Een Woord aan alle Belangstellenden en Waarheid-lievenden vooral aan de Leden der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika en Europa*, Bloemfontein 1875, blz. 7.

<sup>61</sup>) Dit word gedoen met 'n beroep op Gen. 9:25-27.

verkondig want dit is stryd met Gods Woord<sup>62</sup>). Ds. S. D. Venter het selfs in Desember 1872 op 'n Algemene Kerkvergadering in die O.V.S. gesê dat die sending 'n direkte oortreding van Jesus Christus se aanwysing in Matth. 7:6<sup>63</sup>) is en dit was sy opvatting dat hierdie bevel die sendingsbevel in Mattheus 28:19 neutraliseer. Die besware van die piëtistiese groep teen die sending was vir hulle bittere erns<sup>64</sup>) en dit is opmerklik dat hulle, gedryf deur hulle eensydige opvatting, byna met Lodenstein analoog word. Want Lodenstein het in sy later lewe nie meer die Awendmaal aan sy gemeente bedien nie omdat hy<sup>65</sup>):

„ . . . vreesde die Heylige Ziel-panden, en kostelyke Juweelen voor de vuyle swynen des werelds te werpen.”

Hier mag net Ds. Joh. van den Broek se insigte in hierdie verband vermeld word<sup>66</sup>):

„Toen ik dit in den aanvang zag (skeiding tussen blank en nie-blank) hinderde het mij . . . doch toen ik er eenigen tijd vertoefd had en hun doen en laten zag, begreep ik dat het niet anders kon, en vatte ik de vloekspraak over Cham en zijn geslacht uitgesproken: „Een knecht der knechten zij hij zijne broederen”, . . . Dié vloek rust zichtbaar op die mensen.

In die meervermelde verslag in *De Zuid-Afrikaan* word die besware van die piëtistiese groep onder die Gereformeerdes in Transvaal, teen die sending, as volg weergegee<sup>67</sup>):

„De eerwaarde Postma is een vriend van het zendelingswerk onder de heidenen, ja een sterke voorstander daarvan; . . . de zijnen, immers de meesten? willen van geen zendelingswerk weten. De Apostelen, zeggen ze, hebben de heidenen overal!! het evangelie verkondigd, en die het toen nie aangenomen, zijn door de Heer aan de verharding van hun hart overgelaten, zoodat zij het als zonde beschouwen, om die verharde heidenen, tegen Gods wil in!! weder op nieuw de blijde boodschap van

<sup>62</sup>) Vgl. G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 365: Sy (Ds. Venter) eie houding daarteen blyk duidelik uit 'n brief op 14 Maart 1877 aan 'n sekere J. Aucamp waarin hy 'n omsendbrief deur die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie in 1870 uitgestuur, wat sendingliefde en ywer wou opwek, as in stryd met Gods Woord verklaar het.

Vgl. J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 174.

<sup>63</sup>) Matth. 7:6 (A.V.): Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pèrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.

<sup>64</sup>) Vgl. J. J. VENTER, *a.w.*, blz. 7 en 13.

<sup>65</sup>) J. VAN LODENSTEIN, *Het Vervalte Christendom*, Utrecht 1711, blz. 367. As nou bedink word dat Ds Beyer soveel waarde aan Lodenstein se uitsprake geheg het, mag mens miskien aflei dat hierdie verset teen die sending in hierdie bepaalde formulering hierin sy oorsprong het want J. J. Venter hekel juis die wyse waarop die Awendmaal aan die kerklike naturelle bedien word. J. J. VENTER, *a.w.*, blz. 8. Lodenstein se strak formulering t.o.v. die heiligheid van die Kerk kon hier moontlik 'n rol gespeel het.

<sup>66</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 66.

<sup>67</sup>) *De Zuid-Afrikaan*, 7 April 1859.

Merkwaardig genoeg kom hierdie opvatting in 'n sterk mate ooreen met die menings van Calvyn en Luther. Vgl. H. A. WIERSINGA, *Geschiedenis van de Zending*, Kampen 1959, blz. 29-31.

het evangelie te brengen. Hun is eenmaal die blijde boodschap door de Apostelen zelve gebragt en daarmede basta!! Het zijn de hardste onder hen, die om die reden waarskynlik van de Kaapsche Synode niets wilde weten.”

Hoewel hierdie beskrywing nie die redes vir die weersin teen die sending van Ds. S. D. Venter en sy broer J. J. Venter 'n aantal jare later onder woorde bring nie, toon dit wel aan dat hulle optrede deur die opvatting in die piëtistiese groep gerugsteun is.

Ds. S. D. Venter het as gevolg van sy antipatie teen die sending al meer en meer van die Kerk vervreem wat aan sy proteste geen gehoor gegee het nie<sup>68</sup>). Geleidelik het hy dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat die Gereformeerde Kerk buite die perke van Gods Woord en die Leerreëls van Dordrecht, wat na sy mening sy uitverkiesingsidee steun, gegaan het<sup>69</sup>). Daarom het hy hom ook al hoe meer ontuis in die Kerk gevoel en in 1875 aan sy Kerkraad kennis gegee dat hy hom aan die Kerkbestuur onttrek hoewel hy nog nie uit die Kerkverband wil tree nie<sup>70</sup>).

In die jaar 1876 het Ds. Venter sy Kerkraad meegedeel dat hy die gemeenskap van die Gereformeerde Kerk verlaat omdat die Kerk van die leer van die vadere soos in 1618–1619 geformuleer, afgewyk het<sup>71</sup>). Omdat Ds. Venter se hele beswaar teen die leiding van die Kerk ten opsigte van die sending voortkom uit sy verkiesingsidee wat alle sending as strydig met Gods Woord verklaar, was sy besware teen die Kerkbestuur en daarom teen Ds. Postma, vanselfsprekend 'n beswaar teen die leer van Ds. Postma en die Kerk<sup>72</sup>). Daarom het Ds. Venter Ds. Postma aangeval want laasgenoemde was die siel van die sendingaksie van die Gereformeerde Kerk<sup>73</sup>). Waarskynlik na aanleiding van 'n vroeëre aanval van J. J. Venter op Ds. Postma se *Mijne Handleiding* het Ds. Venter nou op grond van 'n stelling van Ds. Postma in sy *Handleiding* 'n klag teen Ds. Postma geformuleer<sup>74</sup>). Juis omdat die leer van die uitverkiesing vir die

.....  
<sup>68</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 175.

<sup>69</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 48 vermeld dat Ds. S. D. Venter as ideaal die volkome terugkeer na Dordrecht gestel het. „(Die Kerk) moet streven daar geheel op terug te komen,—dit laatste moet de leuze van het Gereformeerde volk zijn, met langzame schreden, maar vasten stap in de hulpe des Heeren, geheel naar Dordrechts art. van 1616–1619 terug.” Dit is dus geen wonder dat Ds. Venter hom ontuis sou voel in 'n Kerk wat wel uit die verlede maar nie na die verlede terug wou lewe nie.

<sup>70</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 175.

<sup>71</sup>) *Kerkraadsnotule*, Geref. gemeente Bethulie, art. 8, 23 Des. 1876.

<sup>72</sup>) J. P. JOOSTE, *a.w.*, bls. 175. Omdat Jooste, om welke rede ookal, die dogmatiese agtergrond verwaarloos meen hy dat Ds. Venter se klag op grond van 'n afwyking in die leer, 'n verskuiwing van die punt van verskil met Ds. Postma is.

<sup>73</sup>) G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, bls. 403 vg.

<sup>74</sup>) Die klag was vierdelig en as volg:

1. Het zeggen van Postma: Ik laat mij niet binden met een band van formulieren en kerkorde.
2. Naar mijn inzien het houden van Phillipstown's antwoord nevens den Heere en zijn Woord.
3. De censuratie van degenen die Phillipstown's antwoord tegenstaan in de Bazuin No. 12, dd. 24 Maart 1871.
4. Over vraag 20 in de Handleiding van Ds. Postma.

piëtiste die grondslag van die teologie was<sup>75</sup>) en ook omdat hierdie dogma vir die ou Gereformeerde sentraal gestaan het<sup>76</sup>), het Ds. Venter se aanval op Ds. Postma om hierdie leerstuk gegaan. Ds. Postma was vir Ds. Venter, owerigens heeltemal ten onregte, die man wat in die Gereformeerde Kerk die Leerreëls van Dordrecht verdraai het.

Die vierdelige klag teen Ds. Postma is deur die Kerkraad van Burgersdorp op 17 Augustus 1877 behandel<sup>77</sup>). Aangesien die eerste drie punte op onduidelike en onjuiste voorstellings van Ds. Venter berus het, wil ons dit hier nie verder behandel nie. Terwyl vraag en antwoord 20 van Ds. Postma se *Handleiding* wel direk met die leerstuk van die uitverkiesing te make het, moet dit 'n oomblik besien word. Hierdie vraag wat in die hoofstuk „Het Geloof” voorkom, lui as volg<sup>78</sup>):

„Vr. 20. Kunnen en mogen allen, dien het Evangelie verkondigd word, gelooven?

Antw. Zij mogen en kunnen niet alleen, maar moeten. God wil het!”

Nou is dit interessant om op te merk dat hierdie vraag nie in Aeg. Francken se *Kern der Christelijke Leere*, waarop Postma se werkie gebaseer is, terug te vind is nie. Aeg. Francken wat 'n meer piëtistiese visie het en die leerstuk van die uitverkiesing tot die kern van sy teologie maak, kan hierdie vraag nié so stel nie. Francken was veel meer strak-eksklusief in sy uitverkiesingsleer en sy gedagtes was eerder tot steun van Ds. Venter se visie<sup>79</sup>). Ds. Postma daarenteen kon die enge piëtistiese uitverkiesings-idee nie aanvaar nie en dit is opmerklik hoe ver Ds. Postma se hoofstuk „Over de Roeping” in sy *Handleiding* met die korresponderende hoofstuk van Francken se werk verskil. Ds. Postma se visie is breër, meer evangelies-inklusief sonder dat hy egter daardeur die leerstuk van die uitverkiesing verwerp<sup>80</sup>). Tog het Ds. Postma se formulering soos dit daar in Vraag 20 staan wel baie sterk gebots met die piëtistiese gedagtes van Ds. Venter

<sup>75</sup>) A. A. VAN RULER, *a.w.*, bls. 135. Van Ruler praat hier selfs van die „tyranie van een uitverkiesingsidee” waaraan die latere piëtisme mank gaan.

<sup>76</sup>) M. POSTMA, *a.w.*, blz. 104.

<sup>77</sup>) Die notule van die Kerkraadsvergadering is gepubliseer in die *Gouden Jubileum van de Geref. Gem. Burgersdorp*, blz. 54–72.

<sup>78</sup>) D. POSTMA, *a.w.*, blz. 233.

<sup>79</sup>) A. FRANCKEN, *a.w.*, blz. 237.

14Vr.: Roept God alle menschen door het Evangelie tot Christus?

Antw.: Geenszins; God laat dat Evangelie niet aan alle verkondigen. Noch onder het O.T., Ps. 147:19, 20—Noch onder het N.T. Matth. 10:5.

18 Vr.: Beoogd God dan de zaligheid van allen, die Hij uitwendig roept?

Antw.: Geenszins; God beoogt alleen de zaligheid van Zijne uitverkorenen.

<sup>80</sup>) D. POSTMA, *a.w.*, blz. 215–216:

Vr. 8.: Is de evangelieprediking ook beperkt?

Antw.: In geen opzigt. Was ze oudtijds bepaald bij Israel in Kanaän, Ps. 147:19, 20 onder het N.T. wil de Heere die Evangelieprediking uitgebreid hebben tot alle volken en landen, Mt. 28:19.

Vr. 11.: Misschien heeft God die volken en menschen niet uitverkoren? (wat die evangelie nie hoor of tot die geloof kom nie).

Antw.: Dit is Gods zaak, niet de onze. De Kerk heeft Christus bevel en belofte en volgens dat bevel moet de Christelijke Kerk handelen.—

wat daaraan gewoond was dat die bodemlose verlorenheid en onmag van die mens sterk beklemtoon word<sup>81</sup>). Daarom het Ds. Venter dit ook genoem:

„ . . . een vreemde leer geheel strijdig met Gods Woord en ons christelijk geloof . . . ”

In sy nadere verklaring van sy stelling het Ds. Postma wel bewys dat hy hier nie in 'n arminiaanse of vrysinnige rigting afwyk nie. Van Ruler formuleer die aangeleentheid as volg<sup>82</sup>):

„Daar is aan de ene zijde de vrijmacht van God. En aan de andere zijde, daarmee precies corresponderend, de vrijwilligheid van de mens. In deze correspondentie liggen de zaligheid en het wezen van alle vrijheid in énen. Zò ver moet het komen met een mens, dat hij werkelijk en hartgrondig instemt met God.”

Tereg moet daarop gewys word dat die interpretasie van Ds. Postma se stelling in Vraag 20 vanweë die formulering, uiteenlopend kan wees en dat die stelling wel vir misvattinge vatbaar is<sup>83</sup>). Maar as Ds. Venter die geheel van Ds. Postma se *Mijne Handleiding* sou bestudeer het<sup>84</sup>), sou hy wel tot die gevolgtrekking moes gekom het dat sy klag teen Ds. Postma op hierdie punt onregverdig en onhoudbaar is.

Terwyl Ds. Postma op die Kerkraadsvergadering te Burgersdorp besig was met sy verdediging, het Ds. Venter die vergadering verlaat en na Bethulie teruggekeer. Die eindresultaat was dat Ds. Venter op 3 September 1877 geskors is, waarop hy as lidmaat van die Gereformeerde Kerk bedank het. Hoewel Ds. S. D. Venter daarna sy eie kerkgenootskap gestig het, selfs aansluiting by die Vrye Gereformeerde gemeente van Ds. Joh. van den Broek te Gouda gesoek het, het hierdie kerkgenootskap gekwyn en in die tagtigerjare heeltal verdwyn<sup>85</sup>).

So het Ds. Postma in 'n reeks botsings met die leidinggewende figure van die piëtistiese rigting in die Gereformeerde Kerk geseëvier en dit het ook beteken dat die piëtisme geen plek in die Gereformeerde Kerk meer

---

<sup>1</sup>) A. A. VAN RULER, *a.w.*, blz. 137.  
M. J. A. DE VRIJER, *a.w.*, blz. 103.  
J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 78.

<sup>82</sup>) A. A. VAN RULER, *a.w.*, blz. 133.

<sup>83</sup>) G. C. P. VAN DER VYVER, *a.w.*, blz. 369. Interessant is in hierdie verband die opmerking van A. A. VAN RULER, *a.w.*, blz. 133: Het schijnt mij van gewicht te zijn in te zien, dat er—ook historisch—een lijn loopt van het gereformeerd piëtisme, niet alleen naar de Afscheiding van 1834, maar ook naar het modernisme. Sonder om te kenne te wil gee dat Ds. Postma na die modernisme sou beweeg het, is dit wel duidelik dat die piëtisme as beweging nie eenduidig van rigting is nie.

<sup>84</sup>) Vgl. D. POSTMA, *a.w.*, blz. 146–147.

<sup>85</sup>) J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 40 vermeld dat Ds. S. D. VENTER se gemeente met die van Ds. VAN DEN BROEK op 4 Junie 1882 verenig is. Hierdie vereniging kon Ds. VENTER se gemeente egter nie van ondergang bewaar nie. J. P. Jooste, *a.w.*, bls. 193 meld dat Ds. VAN DEN BROEK na sy besoek aan die O.V.S. na Amerika vertrek het. Dit is egter nie korrek nie. Hoewel Ds. VAN DEN BROEK wel later na Amerika is, het hy direk na sy Vrystaatse besoek na Nederland teruggekeer. Vgl. J. VAN DEN BROEK, *a.w.*, blz. 60 vg.



gehad het nie. Hoewel hierdie stryd sorg en probleme vir die Gereformeerde Kerk gebaar het, was dit tog tot heil van die Kerk dat die remmende invloed en dooie konserwatisme van hierdie piëtistiese rigting wat beslis sektariese neigings geopenbaar het, buite die mure van die Kerk verban is.

A. D. PONT.

Pretoria,

14 September 1959.